Ons Koning is die Herder wat reg laat geskied (Eseg 34:16c)

Woordbediening: Esegiël 34:1-16

Wat ‘n heerlike versekering gee die HERE hier aan aan die wat op Hom vertrou. Hulle wag nie tevergeefs op die herstel wat Hy beloof nie. Dit sal beslis kom. Dit het met die volk Israel gebeur, dit gebeur steeds en dit sal weer gebeur. Die HERE is die Opperherder van sy kudde, sy gemeente, en Hy sal hulle nooit vergeet of in die steek laat nie. Selfs al word hulle platgeslaan, Hy sal hulle weer opbou.

Maar let op hoe hierdie heropbou van sy gemeente plaasvind:

Eerstens maak Hy ‘n end aan die herders (in Israel se geval, die volksleiers en regeerders) se heerskappy en uitbuiting. Dit het gebeur met die wegvoering in ballingskap. In Christus beteken dit dat Hy die wêreldse magte aan die kruis ontmasker het en uiteindelik sal vernietig.

Tweedens versamel Hy sy kudde uit al die lande. Met Israel het dit begin gebeur met die terugkeer uit ballingskap. Sedert die koms van Christus is Hy steeds besig daarmee om ook die geestelike Israel, sy kerk, te versamel deur die verkondiging van die evangelie en die werking van sy Heilige Gees.

Derdens gee Hy besondere sorg en aandag aan elke skaap volgens sy behoefte. Al het Hy die grootste “kudde”, is elke “skaap” nog steeds vir Hom belangrik en versorg Hy hom/haar met teerheid en ontferming, soos Jesus vir ons kom leer het.

Hy het in dit alles een doel voor oë: om *reg* te laat geskied. Daarvoor moet ons Hom eer en dank: dat Hy so duidelik vir ons leer en lei **hoe** om in sy Naam mekaar se herders te wees.